# Ontdek Hermanusstreek

Saamgestel deur
GRIZELL AZAR-LUXTON

## Overstrand Munisipaliteit

### Gansbaai Biblioteek

Op 11 Augustus 2011 vier die biblioteek sy 13de verjaardag met die verskuiwing vanaf 'Die Koppie' na die munisipale kantore.

Gansbaai Biblioteek bied sy dienste aan 'n breë spektrum van die gemeenskap wat insluit De Kelders, Masakhane, Kleinbaai, Franskraal, Blompark, Pearly Beach en Gansbaai-dorp. As 'n vakansiebestemming het hulle lede van oraloor. Die gemiddelde boeksirkulasie is ongeveer 10,500 items per maand en die biblioteek was bevoorreg om die permanente personeelkorps van twee vir die afgelope vier jaar uitgebrei te kry met die aanstelling van 'n verdere twee lede op 'n jaar-tot-jaarkontrak. Busisiwe Matatase is aangestel om behulpsaam te wees met die Xhosa-sprekende gemeenskap. Die afgelope vier jaar reeds is daar op 'n voortdurende basis gepoog om die voorraad isiXhosa materiaal aan te vul.

Daar word gepoog om elke week 'n uitstalling te hou oor 'n spesifieke onderwerp.

In Julie 2011 was die Gansbaai Leeskring (wat een keer per maand vergader) 10 jaar oud en dit is gevier met heerlike sjampanje en pienk kolwyntjies. Daar word ook tweeweekliks 'n diens aan die tehuis vir bejaardes gelewer.

Gansbaai wil graag die Departement van Kultuursake en Sport (waaronder biblioteke val) bedank vir hul Internetgeriewe. Gansbaai en sy gebruikers het groot waardering vir elke item wat ontvang word vanaf die Provinsiale Biblioteekdiens. Met al die skole in die omgewing, asook die nuwe hoërskool, word hier baie naslaanwerk gedoen.

'n Ope uitnodiging word aan almal gerig om gerus gebruik te maak van al die dienste wat die biblioteek bied.

Ledetal: 3,121
Sirkulasie: 138,584

### Hangklip Library

Senior Library Assistant Rosaline Matthews is responsible for the day-to-day running of the library. Although the library is small, she keeps up to date with readers' requirements and ensures that she provides in the needs of the clientele in this small seaside village.

Membership: 1,257
Circulation: 5,002

### Hawston Biblioteek

Hawston Biblioteek, 'tussen berg en see', is op 1 Augustus 1987 geopen, nou 24 jaar gelede.

Die biblioteek is 'n miernes van aktiwiteite. Van die hoogtepunte en projekte was, onder andere, 'n HIV/AIDS drama aangebied deur die African Centre for HIV/AIDS Management van Stellenbosch Universiteit. Die drama was gemik op graad 7- tot 12-leerders asook vir werkers van die munisipaliteit. 'n Drama oor geweld en veiligheid is deur Cape Heart Theatre tydens die Sokkerwêreldbekertoernooi aangebied. Dan is daar gereelde motiveringspraatjies en beroepsvoorligting aan matrikulante en Graad 7 leerders in samewerking met die universiteite van Stellenbosch, Wes-Kaap, CPUT, die munisipaliteit en Boland Kollege; inligtingsessies vir ouers van voorskoolse leerders; handwerkklasse in kralewerk vir werklose vroue; kleiwerk vir laerskoolkinders met 'n leergebrek; die maak van marionette en marionetwerkswinkels asook inkleurkompetisies.

Vir onderwysers is aanbiedings oor spanningsbeheer/bestuur aangebied. Daar was ook spelkompetisies (spelling bees) en natuurlik word daar altyd 'n groot ophef gemaak oor Biblioteekweek en die jaarlikse Wêreldboekdag.

The staff pride themselves on the fact that they provide a totally bilingual service and we share some more highlights in English:

- The library forms part of the primary school's Development Desk (library, child welfare, Thusong Centre, Enlighten Trust, clinic, police, individuals and teachers) and a two-week holiday programme was held in June that involved 250 children. A wonderful programme during the Soccer World Cup, funded by the municipality and Iziko Museum in Cape Town as well as local businesses, were also presented.
- Librarian Belinda May is involved as a motivational speaker with most of the organisations and events in the community, for instance Women's Day celebrations, World HIV/AIDS Day, Heritage Day, Valentine's Day and other celebrations.
- They have a good relationship with the

primary and secondary schools and have presented many programmes at the schools. The librarian is often invited to workshops related to reading and writing skills at the school as well as parent evenings.

- As a result of unemployment many children cannot attend pre-school. A reading and skills class with four- and five-year-olds is presented to prepare them for school.
- The main focus is to empower people in the community and to build a relationship with the schools and organisations as well as the community as a whole. Staff ensure that they keep in touch with job and learnership opportunities, bursaries, and where workshops or skills training are offered. The local primary school's principal encourages and supports regular library visits.
- The library is well used for projects and has a high in-house usage as well as Internet use (three computers). Lack of space remains a problem with having to accommodate the learners of two schools in the community.
- The biggest concern is the drop in reading activities over the past 10 years but staff refuse to give up. Since 2010 an effort was made to focus on parents of pre-school learners to enhance a culture of reading at an early stage through motivational talks and workshops. The result was quite positive. The stigma or mind-set of 'My child cannot belong to the library because he or she cannot read or write yet' should change and the library will do whatever is necessary to change that.

Staff: librarian, library assistant, two library aids (one contract).

Membership: 2,050
Circulation: 55,000 - 60,000

## Hermanus Biblioteek

Hermanus Biblioteek het in 2004 na die nuwe munisipale kompleks verhuis.

Die biblioteek het die grootste versameling boeke in die streek en is een van die besigste plattelandse biblioteke in die Wes-Kaap wat sirkulasie betref. Dit bedien tien skole en ses pre-primêre skole.

Storie-uur word weekliks aangebied en Hermanus was die eerste biblioteek wat die 'Reading assistance with dogs'-program begin het waar opgeleide honde saam met hul afrigters gebruik word om stories aan die kinders te lees en interaktief aan die leesprogram deel te neem. Hierdie benadering is 'n wenner onder die kinders en hulle kan nie wag om Eros en Abigail te bederf met 'n drukkie nie.

Uitstallings oor interessante onderwerpe word maandeliks gehou en word afgewissel met kunswerke, versamelingsitems en handwerk uit die gemeenskap.

Demonstrasies en werkswinkels word gereeld vir die publiek aangebied.

Vrydae is kuierdag in die biblioteek wanneer die Vriende van die Biblioteek lede bederf met koffie en eetgoed. Fondse wat ingesamel word, word aangewend om nuwe boeke en ander items vir die biblioteek aan te skaf. 2,500 nuwe titels is in 2010 aangeskaf en die biblioteek kry ook talle skenkings.

Personeel: bibliotekaris, twee senior biblioteekassistente, vier biblioteekassistente, een biblioteekhulp.

Ledetal: 8,000
Sirkulasie: 275,018

## Kleinmond Library

Kleinmond Library moved into their current building in November 1988. The library has a comprehensive selection of books and caters for a diverse community of readers that comprises retired academics, musicians, artists, et cetera. Pre-schoolers lose themselves in a fantasy land of castles, fairies, trolls and dragons.

Kleinmond has two primary schools and in the afternoons the library is a hive of activity with children searching for information.

A tapestry made by the Woman's Agricultural Society (an entry for a competition launched by the Wool Board), hangs in the entrance. They also have a seascape that was donated by ladies from the community. All the fish, seaweed and other elements were made with bobbin lace. The library also boasts a permanent exhibition of wild flowers. Every Monday members of the Nature Conservation Society supply fresh species of flowers currently in bloom.

Staff: senior librarian, librarian, library assistant, library aid.

Membership: 3,892
Circulation: 132,972

## Mount Pleasant Biblioteek

Die naam van die biblioteek is gekoppel aan die dorpie Mount Pleasant wat sowat 2km buite Hermanus geleë is. Die dorp het 'n inwonergetal van om en by 3,500. Die biblioteek is byna 30 jaar gelede geopen en word bedryf uit 'n geskiedkundige gebou wat vroeër as 'n skool gebruik was. Dit is geleë aan die bergkant en kyk uit oor die pragtige blou oseaan.

### Projekte

- Die HIV/AIDS dramagroep, verbonde aan Stellenbosch Universiteit, het opgetree vir leerders asook die werkers van Overstrand Munisipaliteit en was 'n groot sukses.
- Motiveringspraatjies word elke jaar gereël vir alle Graad 12-leerders en beroepsielkundiges gesels met leerders oor beroepskeuses.
- Daar word gebruik gemaak van die kundige mense in die gemeenskap om verskillende sessies aan te bied vir leerders, soos om met klei en krale te werk. Leerders kan dan hulle eie items maak.
- 'n Groepie entoesiastiese kinders help Vrydae ná skool met die versiering van die biblioteek en met uitstallings.
- 'n Lees- en Spelkompetisie is gehou wat einde Oktober geëindig het. Slegs leerders van Graad 6 en 7 het deelgeneem.
- Biblioteekweek is een van die grootste hoogtepunte. Dan stroom die kinders in hul honderde na die biblioteek want 'almal kleur dan op sy beste in', vanaf Graad R tot Graad 5, selfs die kleintjies by die verskillende bewaarskole.
- Praatjies oor die belangrikheid van lees word jaarliks met ouers van die verskillende bewaarskole gereël. Dit is iets waarna almal jaarliks uitsien, want daar word geglo dat lees reeds by die kleintjies vasgelê moet word.
- Die personeel is ook baie betrokke by die plaaslike laerskool en die bibliotekaris hou gereeld praatjies met kinders oor lees en ook op belangrike dae soos Vrouedag.
- Storie-ure word weekliks gehou asook besoeke aan bewaarskole en die bejaardesorgsentrum.

Die biblioteek word baie goed gebruik ten spyte van die tekort aan ruimte. Hul ondervind ook sommige tye 'n afname wat die lesers betref, maar dit tel weer op met verloop van tyd. Die inhuise gebruik neem daagliks toe.

Personeel: bibliotekaris, assistent en biblioteekhulp (kontrak).

Ledetal: 2,000
Sirkulasie: 50,000 - 60,000



▲ Gansbaai Biblioteek se ruim uitleenarea



◀ Gansbaai se personeel (lnr): Francois Myburgh; Edna van der Linde; Sharman Geldenhuys; Busisiwe Matatase en Zelda Fourie

▼ Rosaline Matthews has her hands full running Hangklip Library on her own



▼ Hawston Biblioteek se vrolike kinderafdeling





▲ (Lnr): Francina Philander; Lucille Wyngaard; Belinda May; and Hillary Arinds van Hawston




▲ A display at Hangklip Library to draw attention to the Rugby World Cup

▼ Hermanus Biblioteek se vriendelike mense is (lnr): Verlene Gibson; Alethia Johnson; Juwene Spandiel; Beulah Ngciki; Marlene Small; Martie Borello en Theresa Gillion




▼ Hermanus Biblioteek spog met 'n pragtige, ruim uitleenarea



▼ Die koelgroen mure vorm 'n pragtige agtergrond vir hierdie interessante plantuitstalling in Kleinmond Biblioteek





◀ Miralda Coert (links) en Joslene Alexander van Mount Pleasant Biblioteek

▶ Tieners gebruik die fasiliteite van Mount Pleasant Biblioteek gereeld





◀ Kleinmond se span wat dinge aan die rol hou. (Lnr): Gertruida Hull; Susan Smith; Wilna Hooneberg en Charmain Ferreira

### Zwelihle Library

Membership: 2,151
Circulation: 4,034

### Stanford Library

Membership: 2,046
Circulation: 2,034

## Theewaterskloof Munisipaliteit

### Caledon Biblioteek

Caledon vier vanjaar ook sy 200ste bestaansjaar en 'n groot fees word beplan vir die geleentheid gedurende die week van 9-11 September 2012.

Buite op die biblioteekgebou pronk die familiewapen van die Graaf van Caledon na wie die dorp vernoem is.

Treffende uitstallings word maandeliks gedoen om die biblioteekmateriaal te bemark en om enige belangrike gebeurtenis uit te lig. 'n Voorbeeld is die pragtige kleurvolle Wêreld Drie-Nasie-uitstalling.

Die biblioteek sal binnekort spog met vier rekenaars om dienslewering te verbeter en het 'n kinderafdeling met 'n naslaanafdeling wat meestal deur leerders gebruik word asook 'n volwasse afdeling.

Buiten die daaglikse regulering van die biblioteek word daar ook elke vakansie programme aangebied om die kinders in die gemeenskap te betrek. Vrywillige dienste word elke alternatiewe week aan die onderskeie outehuise in die gemeenskap aangebied. Skole word betrek om lees te bevorder.

Aan die begin van elke jaar word herregistrasie gedoen om 'n akkurate ledetal te bepaal.

Personeel: senior assistent, biblioteekassistent, hulpwerker en kontrakwerker.

Ledetal: 2,235
Sirkulasie: 68,855

### Grabouw and Pineview Libraries

These libraries are situated in the Groenland District and serve a community of ±50,000 people which includes three high schools, four primary schools, eight day-care centres and two old-age homes. The libraries have summer and winter hours to accommodate all the users. Block loans are issued on a quarterly basis to primary schools and the day-care centres.

Pineview has a weekly class visit in the morning and the halls are used regularly. Staff present Early Childhood Development training and ABET classes for the municipal workers, and the day hospital distributes chronic medicines to the elderly. Grabouw also has learner licence and ABET classes for municipal workers. Organisations in the community use both halls for presentations, meetings and exhibitions.

They are fortunate to have Internet at Grabouw Library and the community makes good use of it. Their pamphlet collection is well stocked with the latest news/information so that users can be assisted. Holiday programmes are held during school holidays to keep the young ones busy. Both libraries strive to have informative exhibitions on a monthly basis to highlight important information during that specific month.

Staff: librarian, two senior assistants, two assistants (conditional grant), two library aids.

*Grabouw*
Membership: 2,667
Circulation: 56,824
*Pineview*
Membership: 4,201
Circulation: 32,044

### Oostergloed Biblioteek

Die biblioteek is op 1 Maart 1981 geopen. Dit is geleë in Alphastraat 1473 en vorm 'n deel van die gemeenskapsaal. Die gebou is tans 30 jaar oud.

Van die projekte wat aangebied word is 'n Vrouegroep en senior burgers wat maandeliks in die biblioteek vergader.

Personeel: senior biblioteekassistent en biblioteekhulp (kontrakwerker).

Ledetal: 934

### Riviersonderend Biblioteek

Die biblioteek is op 4 Maart 1966 geopen en is geleë in die dorp Riviersonderend.

Die biblioteek bedien ook die hoër- en laerskool, kleuterskole, plaasskole en die ouetehuis.

Riviersonderend Biblioteek word deur die biblioteekdiens befonds, maar word deur die Theewaterskloof Munisipaliteit bestuur.

Personeel: senior biblioteekassistent en biblioteekhulp.

Ledetal: 2,129
Sirkulasie: 28,067

### Genadendal Public Library

With its beautiful setting at the foot of the Riviersonderend Mountains, Genadendal is the oldest mission station on the continent of Africa. It was here that the Moravian Christian Missionaries established Southern Africa's first Moravian Mission Village in 1737.

On 1 February 1995 the then President, Nelson Mandela, renamed his official Cape Town residence Genadendal. On 10 October of the same year he paid a visit to the town.

Genadendal Library officially opened its doors to the public on 23 July 2002. The library serves the village of Genadendal, Bereaville and Voorstekraal. The majority of the children attend the local primary school, LR Schmidt and Emil Weder High School.

There are four staff members.

#### Projects

- HAN students project
  The HAN students assist disadvantaged schools and communities by providing academic, social and environmental support and equipping children with skills for life long learning. At the library they focus on literacy development by reading to the children twice a week.
- Cape Access-projek
  Die projek is deel van die Sentrum vir e-innovasie se strategie om ekonomiese mededingendheid aan te wakker deur mense in die Wes-Kaap die vermoë te gee om deel te neem aan die ontluikende kennisekonomie. Die doel van die Cape-Access-projek is om rekenaars met Internettoegang beskikbaar te stel in openbare biblioteke, veeldoelige sentra en ander toegangspunte. Die gebruik daarvan is gratis en word daagliks beperk tot 45 minute. Daar is tans 12 rekenaars beskikbaar.

Ledetal: 1,989
Sirkulasie: 46,153

### Greyton Public Library

The beautiful village of Greyton is a pristine country treasure just 90 minutes away from Cape Town. This tranquil oasis lies between two rivers, set amidst gently curving hills and nestling beneath the towering peaks of the majestic Riviersonderend mountain range.

The uniquely Greyton ambiance awaits



A very comfortable library reading area in Zwelihle Library

Stanford Library is housed in this lovely period building



(Ltr): Frances Hendricks and Elizabeth du Toit from Stanford Library





Ncediswa Adonis and Phuthhumani Pono from Zwelihle Library

Caledon Biblioteek bied 'n groot verskeidenheid materiaal vir sy lesers aan



Users make good use of the Internet facilities at Grabouw Library





In Caledon Biblioteek is (lnr): Yolanda Julies; Helene Viljoen; Rhona Plaatjies en Gerhard Van Wyk daar om na lesers se behoeftes om te sien


(Lnr): Charmaine Nyelimane; Anita Thsabe en Catherine May van Grabouw Biblioteek



Heldergroen mure skep 'n gevoel van opgeruimdheid in Oostergloed Biblioteek



'n Treffende uitstalling om Biblioteekweek in Pineview Biblioteek te bevorder





Pineview se personeel (lnr): Pauline Adonis; Shavon Kayseen en Noluthando Mdaka

Oostergloed se Lizzie Fulhard (links) en Louisa Kroukamp hou dinge aan die rol hier



you – a village of oaktree-lined lanes, lush and colourful secret country gardens and historical homes. In picture-perfect Greyton, the bustle of Cape Town's city lights becomes a distant memory – a village retreat of innocent pleasures that rejuvenates the spirit.

The municipality negotiated with the Moravian Church in 1992 to swap the derelict Moravian-owned hall and school on the main road for the municipal-owned land next to the Moravian Church. The municipality spent about two and a half years restoring the former hall into the library as it is today.

The Greyton Public Library opened its doors to the public on 6 June 1995. It serves the villages of Greyton, Heuwelkroon and Bosmanskloof. The majority of children attend the three local primary schools and the older children go to Emil Weder High in Genadendal.

There are four staff members.

Projects

- HAN students project
  This project is run along the same lines as described under Genadendal Library.
- A freebie service
  Glossy overseas magazines, hardcover books, paperbacks and non-fiction books have been donated to the library. These materials are housed in a separate section of the library and borrowers can select as many 'freebies' as they like. This is an especially handy service for the visitors.

Membership: 1,798
Circulation 34,778

## Botrivier Biblioteek

Gillian Dejongh (biblioteekassistent) beskryf Botrivier Biblioteek (Ukhanyo) as *Lig in ons Gemeenskap*, deur middel van geletterdheid.

Botrivier Biblioteek is geleë in Botrivier op die N2 tussen Grabouw en Caledon. Die biblioteek word bestuur deur die Theewaterskloof Munisipaliteit en befonds deur die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens.

Die biblioteek vier vanjaar sy sesde bestaansjaar nadat daar voorheen geen biblioteek in die dorp was nie. Gemeenskapslede van Botrivier moes gebruik maak van omliggende dorpe soos Grabouw en Caledon se biblioteke om leesstof te bekom. Dit is goed om te sien hoe beduidend die vooruitgang van die biblioteek in die gemeenskap van Botrivier is. Plase en omliggende gebiede word tans bedien deur die biblioteek, asook een laerskool in Botrivier en talle ander omliggende skole soos Grabouw Hoër, Groenberg Sekondêr, Derust Futura en Swartberg Sekondêr se leerders. Bronne vir skoolprojekte en take word gebruik in die vorm van boeke wat in die biblioteek beskikbaar is asook navrae oor boeke wat te kry is by ander biblioteke en die Hermanus Streekbiblioteek in Worcester. Aangesien Botrivier 'n klein gemeenskap is vorder die groei in die sirkulasie van boeke in die gemeenskap asook die ledetal goed.

'n Verskeidenheid boeke, van ligte vermaak tot nie-fiksie is beskikbaar en die lede van die publiek maak goed gebruik daarvan. Om die gemeenskap te betrek word Biblioteekweek jaarliks gehou en word daar veral gefokus op die geletterdheid en syfervaardigheid van kinders by die plaaslike skool, Botrivier Primêr. 'n Noue band van samewerking bestaan tussen die biblioteek en die skool en leerders besoek die biblioteek gedurende skooltye. Hierdie besoeke is baie belangrik aangesien leerders leer oor die belangrikheid van geletterdheid in hul toekomsplanne. Besoeke van die plaaslike kleuterskool vind ook plaas en is veral belangrik om vroeg 'n liefde vir lees by leerders in te skerp.

Aktiwiteite soos die Powerstuff Soulbuddyz Club van Dinsdae tot Donderdae word smiddae aangebied. By hierdie klub word baie kwessies soos dwelms, alkoholmisbruik, tienerswangerskappe, geweld, mishandeling en molestering aangespreek. Goeie waardes en norme word ook gekweek en daar word gewerk aan leerders se eie selfbeeld.

Hierdie klub lê ná aan die harte van ons gemeenskap aangesien dit 'n goeie voorbeeld aan skoolkinders en die gemeenskap stel. Die klub is tans vier jaar oud en gaan van krag tot krag. Elke jaar word 'n uitstappie onderneem vir die jaarlikse afskeid en dit is 'n groot sukses wat meer aansluitings tot gevolg het vir die nuwe jaar. Klublede word gereeld uitgenooi na nasionale kongresse, kampe, kursusse en distriksvergaderings, waartydens hulle vereer word vir die werk wat hulle in die gemeenskap verrig.

Geletterdheidsklasse word ook aangebied om kinders by die plaaslike skool te help om hul leesvermoë op te knap.

Botrivier Biblioteek is voorwaar 'n aanwins en dis 'n plesier om elke dag te sien hoe geletterdheid mense se lewens kan verander. Om net 'n klein deel by te dra wat iemand kan help om sy doel te kan bereik, maak 'n groot verskil. Die biblioteek se visie, *Beplan vir die toekoms*, is ná aan die waarheid aangesien die biblioteek die lede help om hul toekomsdrome te verwesenlik deur middel van geletterdheid.

Ledetal: 755
Sirkulasie: 37,452

## Villiersdorp Library

The library is situated in Villiersdorp and has the wonderful honour to have won Golden Status for libraries in 2009/2010.

The library staff offer regular activity programmes, such as:

- Woman's Day
  This programme was presented by women at TWK-Villiersdorp. It was a time to recommit and to remember the important role that women play in the society
- Mr and Miss Recycling
  Learners from Villiersdorp Secondary School became goodwill ambassadors and spokespersons in promoting environmental issues and to fulfil the ideas of *Beauties for a cause*. Mr Patrick Don, town manager for Villiersdorp, stressed the importance of involvement in community projects and to work together with residents in promoting the importance of recycling.
  Villiersdorp Library was asked to do the displays for the Recycling Pageant and to adjudicate the event
- Child Safety Month
  The library focused on road safety at a pedestrian crossing in Buitekant Street. Kosie de Wet School's learners were taught how to cross the road at a safe point. Library personnel and staff from the traffic department stressed the importance of protecting oneself and to be aware of ways in which one's safety might be put at risk.

Staff: librarian, library assistant (conditional grant), two library assistants, and a library aid.

## Buffeljachtsbaai Biblioteek

Ongeveer twee jaar gelede het die plaaslike owerheid 'n versoek ontvang vir 'n eie biblioteek vir Buffeljachtsbaai (wat ook deel vorm van die Gansbaai-omgewing). Mnr Myburgh, areabestuurder van Gansbaai, het met die nodige onderhandelings vir Wheelie Wagons die bal aan die rol gesit en die opening van die belangrike diens het op 2 Desember 2010 plaasgevind.

Hierdie vissersgemeenskap met 'n inwonergetal van ongeveer 200 kan met reg trots wees op die eindresultaat. Sophia Boshoff is tans in beheer nadat sy opleiding by Stanford ontvang het.

Vir die klein gemeenskap wat ±30km vanaf Gansbaai geleë is, is hierdie nog 'n stukkie gawe vanuit die see. As die skoolbus stop, is daar nou dié fasiliteit waar leerlinge hul nodige naslaanwerk kan doen. Hiervoor sê Gansbaai ook dankie vir al die rolspelers wat 'n aandeel gehad het in hierdie projek.

Ledetal: 65
Sirkulasie: 848



Riviersonderend lewer 'n uitgebreide diens aan die gemeenskap



Riviersonderend se personeel Abigail Adendor (links) en Julita Peceur



Genadendal Library - an unusual buidling set at the foot of the mountains

Greyton Library's Yolandi Louis (left) and Raymanda Viljoen





Apart from providing an extensive service to the locals, overseas visitors also frequent the Greyton Library, winner of the Golden Statues Award for 2009/10

(Ltr): Christine Phillips; LeAshman Arendse; Grace Present and Alison Absolom of Genadendal Library



Ukhanyo's extensive collection



'n Innoverende uitstalling in Villiersdorp Biblioteek



Villiersdorp (Lnr): Lynn de Beer; Azalia Oncke; Miriam Jooste en Yolandi Ellis



(Lnr): Natasha Swartland; Gillian Dejongh en Samonay Sarels van Botrivier Biblioteek (Ukhanyo)



Buffeljachtsbaai Biblioteek is 'n heerlike bymekaarkom plek vir kinders



CL